# Pluimvee Boerdery

## Graad 4: Geografie



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Pluimveeboerdery



Hoenders wat vir gebruik in vleisprodukte geteel word, word **braaihoenders** genoem. In Suid-Afrika word meer as 1 biljoen hoenders per jaar verbruik.



Hoenders verskaf ook **eiers**. Sommige boere hou skrophoenders of vrylopende hoenders aan. Dit beteken hulle kan vrylik in groot oop hokke rondloop, kos uit die grond kry en natuurlik groei. Die meeste hoenders word egter volgens die batterymetode groot. Hulle bly in klein hokkies wat in lang rye staan, net soos batterye.



©

# Pluimveeboerdery

Die kuikens broei uit die eiers. Om die proses te versnel word die eiers in ‘n spesiale masjien geplaas waar dit vir ‘n sekere tydperk onder warm ligte lê wat die eiers warm broei.









# Pluimveeboerdery

Wanneer die kuikens twee dae oud is, gaan hulle na groeiplase toe. Hulle eet spesiale kos sodat hulle vinniger kan groei.





Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Pluimveeboerdery

Die boer moet seker maak dat die hoenderbattery waterdig is en genoeg ventilasie het.





Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Pluimveeboerdery

Sodra die kuikens jong hoenders word, word hulle na baie klein hokkies verskuif en outomaties gevoer.









Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Pluimveeboerdery

Die eiers wat die hoenders lê, word versamel en verkoop.





Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# Pluimveeboerdery

By die fabriek word die eiers gesorteer, gewas en verpak.







Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Pluimveeboerdery

Sommige hoenders word geteel om geëet te word. Wanneer hulle genoeg weeg, word hulle geslag. Die vleis word gewas, opgesny, verpak en verkoop in winkels en supermarkte.










eg ©

# Pluimveeboerdery

Baie mense eet nie batteryhoenders nie. Lees ‘n paar se kommentaar en besluit self hoe jy daaroor voel.



Batteryhoenders kry chemikalieë in om hulle vinniger en vetter te laat groei. Dis ongesond vir ons om te eet.



Batteryboerdery maak dit goedkoper om hoendervleis te koop. Ons het die goedkoop kos nodig!



Dis wreed om hoenders in klein hokkies opgesluit te hou.



Ons het nie nodig om vleis soos hoender te eet nie.

Laerskool Mikro Kopiereg ©